# H O O F D E E L   T W E E

(DIAGNOSTIES)

# HOOFSTUK III

## FAKTORE IN VERBAND MET GELOOF EN TWYFEL

Die oorsake van twyfel is veeltallig en veelsoortig. In elke afsonderlike lewe is die konstellasie ook anders. Nietemin is dit moontlik om in die veelvuldigheid van faktore 'n ordening te maak om sodoende 'n noukeuriger diagnose te vergemaklik.

Die faktore wat verband hou met twyfel en geloof, d.w.s. met die taan en groei daarvan, kan onder die volgende tuisgebring word:

1. Die transendente faktor.
2. Die tydsgees as faktor.
3. Die histories-pedagogiese faktor.
4. Die psigologiese faktor, w.o. die ouderdomsfaktor.

### 1.0 Die transendente faktor

Die groei van geloof bly in die laaste instansie God se werk in ons. "In de ziel van een Christen werken uit de kracht der wedergeboorte vele geestelijke potensies, die van binnen uit den twijfel aanvallen, verzwakken en dooden." [1]

Uit die Heilige Skrif weet ons egter ook dat die twyfel dikwels die gevolg is van die inwerking van die Satan op die siel. [2] Die beïnvloeding van die siel deur hierdie bose magte bring die mens in verwarring, breek ewewigtigheid af en verlei tot sonde. Daarom gryp twyfel die siel aan sonder dat die twyfelaar weet waarvandaan dit kom. [3]

### 2.0 Die tydsgees as faktor

Hoewel nie van die wêreld nie, is die gelowiges nogtans in die wêreld. Die vraag is of, en indien wel, in watter mate die tydsgees 'n rol speel by die ontstaan

---

1. Hoekstra, T. Twijfel, aangehaal deur Van Herksen, J. Ambtelijke zielszorg en de zekerheid des geloofs, p. 25; vgl. supra p. 2 e.v.

2. Van Herksen, J., op. cit., p. 14.

3. Hoekstra, T., op. cit., p. 42.

van twyfel of die taan van geloof.

## 2.1 'n Veranderde tydsgees

Het daar met die aanvang van die twintigste eeu 'n wending in die geestelike bestaan van die mens sigbaar geword? Indien wel, was dit ten goede of ten kwade? En hoe het dit die mens in die sekerhede en vastighede van sy geestelike bestaan geraak?

In 'n poging om 'n antwoord op dié vrae te vind, moet die verlede nie sondermeer in goudglans gesien word terwyl die oë vir die seëninge van die hede gesluit word nie. Alle persone of bronne wat deur skrywer oor die tydsgees geraadpleeg is, gee dit ook direk of implisiet toe (soos verderaan sal blyk). Tog kan nie ontken word nie dat die geloofsvastheid in die tyd van die Hervorming van die 16e eeu (byvoorbeeld) of ook weer in die dae van die geestelike oplewing van die 19e eeu oor die algemeen veel groter was as in ons tyd. [4]

Weliswaar is Barth nie van mening dat die situasie vandag swakker is as in vroeër tye nie [5], maar daarteenoor word 'n groot aantal uitsprake oorsee en hier te lande gevind wat myns insiens nader aan die ware toedrag van sake kom. Jaspers beweer dat "loss of faith marks the crisis of our civilization" en Van Riessen is van mening dat hierdie stelling nie weerlê kan word nie. [6] Ook is Wurth, wat erken dat daar deur alle eeue heen diegene was wat die twyfel bo die sekerheid verheerlik het, oortuig dat in ons dae dit nie maar net 'n gestemdheid van die enkeling is nie maar van "brede kringen onder de ouderen en vooral onder de jongeren". [7]

---

4. Hoekstra, T., op. cit., pp. 9, 10.

5. Barth, K. aangehaal deur Müller, B.A. Die lewende Woord aan die mens van die hede, p. 49: "Haben nicht auch die Antike und das Mittelalter, den christlichen Theologen sehr wohl bewusst, ihre Aufklärer, Atheïsten und Säkularisten als Vorläufer unseres spezifisch modernen Heidentums gehabt? ... Darum kann es nicht geboten sein, die Tragik gerade der modernen Gottlosigkeit, als widerführe uns etwas Sonderliches, so tragisch zu nehmen."

6. Van Riessen, H. The power and the crisis of science (In Christian perspectives, 1960, p. 36).

7. Brillenburg-Wurth, G. Christelijke zielszorg, p. 178.

Twyfel het 'n akute kwaal geword wat deur baie reeds as natuurlik aanvaar word. Langeveld maak gewag van 'n "enorme vervreemding van godsdienstige leven in onze tijd" wat ten opsigte van jonk en oud gekonstateer kan word. [8)] Spier tipeer die hedendaagse mens as 'n wese wat sy sekerheid, sy gevoel van veiligheid, sy vastighede en sy geborgenheid kwyt is. [9)]

Dié radikale en feitelike verandering wat ingetree het in die situasie vandag moet aanvaar word. [10)] Müller wys daarop dat die oë nie gesluit mag word vir die tragiese werklikheid van die ontkerstende wêreld nie, nòg vir die verdieping van die vervreemding en die intensifisering van die probleme van ons tyd. Aan die anderkant sal ons die oë ook gevestig moet hou op die blywende teologiese dimensie, naamlik dat die mens deur alle vervreemding en twyfel heen die beelddraer van God bly - ook al beskou hy homself "mondig". Sy bestaan is 'n bestaan in skuld en die tydsgees mag die sonde, w.o. twyfel, nog meer na vore bring, maar die mens is in wese onveranderd.

Dit moet egter nie daartoe lei dat die mens met 'n algemene en tydlose skema benader word nie, want hy is 'n "konkrete mens met konkrete sonde en bindinge in 'n konkrete situasie, wat in sy hede beheers word deur konkrete bestaansmagte". [11)] Daarom moet die situasie waarin die mens in sy twyfel lewe onder oë geneem word. Die werklike ekonomiese, politieke en sosiale fasette van die hedendaagse mens se lewe sal kortliks nagegaan moet word alvorens die twyfelende, onsekere jongmens in sy totale lewenswerklikheid in die hede voor ons ontbloot staan. [12)]

---

8. Langeveld, M.J. Inleiding tot de studie der paedagogische psychologie voor het middelbare schoolleeftijd, p. 127.

9. Spier, M.J. Calvinisme en existentie-philosophie, pp. 20-1.

10. So glo B.A. Müller ook na sy studie van die tydsgees. Vgl. op. cit., pp. 50-2.

11. Id., p. 52.

12. Banning, W. Theologie en sociologie, p. 135: "Elke geloofsgemeenskap, elke gelovende en belijdende kring heeft behalve geestelijke ook sociale wortels."

Daarmee word nie bedoel dat met analise en statistiek 'n volledige beeld gebied kan word of die aantal aangedui kan word van die "moderne" jongmense aan ons Afrikaanse Onderwyskolleges wat vervreemd geraak het en godsdienstige twyfel ondervind nie. Alleen maar kan die tydsgees getipeer en die verband met die twyfel by die jeug (en so ook die verband met geloofstryd) aangetoon word.

## 2.2 Die historiese ontwikkeling

Met die opkoms van die Renaissance begin die moderne denke. 'n Nuwe lewensgevoel breek deur gepaardgaande met 'n eiewaan en godloosheid. In die uitbou van die profane outonome kultuur wil dit sonder God en sy gebod klaarkom. 13) Ten aansien van sekere kuns wat uit die kring van die moderne mens ontstaan, geld die opmerking van Treurnicht, nl. dat dit "kunsvaardige sabotasie van die moraal" is. 14) Die Renaissance-mens maak hom vry van die bindinge van die Woord en lê deur die Aufklärung die klem op die menslike verstand as die laaste grond. Omdat alles aan die dwingelandy van die denke onderwerp word, bly daar vir die geloof in oorspronklike en selfstandige sin geen lewensruimte oor nie. 15) Dit is dan ook die diepste wortel van die vereensamingsproses wat uit bogenoemde historiese ontwikkeling resulteer. 16)

Ook is dit hierdie Renaissance-mens wat met 'n alles-neutraliserende eis van verdraagsaamheid kom waardeur godsdienstige waarhede gerelativeer word. 17)

Die verabsolutering van die menslike rede bring ook mee dat die mens homself "mondig" ag. Miskien die eerste om die "mondigheid" van die mens te predik, was

---

13. Müller, B.A., op. cit., p. 24.

14. Treurnicht, A.P. Op die keper, p. 159.

15. Strauss, H.J. Christelike wetenskap, p. 170.

16. Vgl. Couwenberg, S.W. De vereenzaming van de moderne mens, p. 31.

17. Vgl. Müller, B.A., op. cit., p. 25; vgl. ook Brillenburg-Wurth, G. en Wiersinga, W.A. Het evangelie in een ontkerstende wereld, p. 109.

Pico della Mirandola (1450-1494) in sy verhandeling oor die menslike waardigheid.[18] Later roep die Nederlandse digter, Kloos, uit: "Ik ben een god in 't diepst van mijn gedachten"[19] en gee daarmee uitdrukking aan die eiewaan van die "mondige" mens wat geen plafon meer bokant hom duld nie en wat in die woorde van Nietzsche, "aan die aarde getrou" is.[20]

In die 19e eeu vind 'n fenomenale opbloei van die natuurwetenskappe plaas. Die belangstelling in die geesteswetenskappe word teruggedwing.[21] Natuurwetenskap en tegniek gaan nou hand-in-hand saamwerk om 'n basis te vorm vir die indrukwekkende tegniese prestasies van die 20e eeu.[22] Die mens gevoel hom allengs - in sy beheersing van aarde, see en lugruim - weinig minder as 'n goddelike wese.[23] Vir die eerste keer in die wêreldgeskiedenis is daar behalwe God nog iemand wat die wêreld kan vernietig: die mens.

Die volle konsekwensie van hierdie historiese ontwikkeling is 'n outonome mens wat met behulp van die wetenskap en tegniek beskikker is oor sy eie lot en oor 'n wêreld wat totaal van God losgemaak word. En hierdie humanistiese kultuurstrewe het oor die hele linie van die lewe gefaal. Ten spyte van sy ontsagwekkende wetenskaplike en tegnologiese prestasies - of miskien juis daarom - is die mens vandag sy sekerheid, sy gevoel van veiligheid, sy vastighede, sy gelowige geborgenheid kwyt.[24]

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is ons voor die voldongenheid van 'n "nuwe" wêreld en 'n "nuwe" mens gestel waarvan sommige sê dat dit tot die na-

---

18. De Graaf, J. en Bakker, R. De mondige mens tussen goed en kwaad - van Petrarca tot Sartre, p. 11.

19. Dekker, G. Van Staring tot Gorter, p. 149.

20. Stoker, H.G. Praktiese Calvinisme, p. 12.

21. Müller, B.A., op. cit., p. 26.

22. Barnard, A.C. Die uitdaging van die moderne stad vir die kerk. <u>Ned. Geref. teol. tydskrif</u>, 1:6, Jan. 1965.

23. Stoker, H.G., op. cit., p. 13.

24. Spier, J.M., op. cit., p. 20.

Christelike periode behoort. Is hierdie nuwe tydsgees 'n Vesuviusramp wat die mensdom in sy rustige burgerlike bestaan getref het en vaste sosiale strukture in beweging gebring het? Dit blyk dat 'n snelle opeenvolging van "skokke" in die laaste honderd jaar hiertoe bygedra het. 25)

## 2.3 Die tegniek as beheersende mag

Die haas ongelooflike ontdekkinge en tegnologiese prestasies het geboemerang teen die menslike gees. 26) Die kinderlike vreugde waarmee die mens aanvanklik die wetenskap en tegniek aangegryp het, verander in leed en pessimisme, in die lewensmoegheid van die Eksistensialisme. 27) Nêrens blyk die pessimisme so duidelik nie as in die beskouinge van Oswald Spengler. 28)

Volgens Spengler is die kringloop van die Westerse beskawing voltooi en staan dit dus op die vooraand van sy ondergang. Dit het homself vermoor. Want met die meganisering van die lewe is die organiese en vitale doodgemaak. Die masjien is soos die Frankenstein-monster wat sy eie maker om die lewe bring. Dit maak van die mens 'n gejaagde robot, 'n gelooflose wese, 'n atoom in 'n vormlose massa ... 'n asfalt-mens!

Hoe ook al oor Spengler se beskouinge geoordeel mag word, feit is dat hierdie twintigste eeu bestempel word as die eeu van die tegniek 29) - sekerlik nie omdat tegniek tans vir die eerste keer 'n rol speel nie 30) maar omdat die tegniek 'n bestaansmag geword het wat "in ons lewens ingebreek het en alle terreine van die lewe wil beheers - nie alleen uiterlik nie, maar veral

---

25. Müller, B.A., op. cit., p. 23.

26. Barnard, A.C., op. cit., p. 6.

27. Stoker, H.G., op. cit., p. 11.

28. Spengler, O. Untergang des Abeslandes, aangehaal deur Van Riessen, H. De techniek. Mededelingen van het vereeniging voor Calvinistische Wijsbegeerte, 3:1-2, Sept. 1966.

29. Schutte, B.C. De natuur ons bondgenoot en vyand, p. 7: "Hierdie eeu is by uitstek die eeu van die natuurwetenskap en tegniek."

30. Van Riessen. De techniek, p. 1: Hy wys daarop dat dit die mens nooit aan tegniek ontbreek het nie.

innerlik en eksistensieel". [31] Die tegniek het nie slegs 'n nuwe wêreld geskep waar alle bestaan en voortbestaan om die tegniek wentel nie maar ook die mens tot sy instrument gemaak. [32]

As moderne mag veroorsaak die tegniek die volgende kenmerkende strukture wat as duidelike tendense van ons tyd na vore tree:

1) Funksionalisme en depersonalisasie [33]

In 'n wêreld van gemeganiseerde massaproduksie is van die mens sy funksie alleen belangrik. Sy persoon val buite hierdie groot sisteem. Dié is slegs 'n medium wat 'n funksie vervul, wat in geld- en nuttigheidswaarde veelal bereken word. Dit gaan nie meer om die mens in sy geheel nie. Daarom word die mens dan gedepersonaliseer. [34] Omdat die mens geskat word na sy waarde vir die tydelike lewe en omdat sy vriendskapsverhoudinge en lidmaatskap van 'n kerk eweneens in terme van tydelike voordeel bejeën word [35], word die mens in alles saaklik. In die woorde van Barnard: "Sy hart word koud en sy siel dood." [36]

2) Massafikasie en individualiteit

Ons eeu is 'n tydperk van opeenhoping van mensemassas as gevolg van die verskynsel van industrie-stede. [37] Vir die Afrikaner het die massafikasie begin na die depressie van die vroeë dertiger jare en dit duur tot vandag toe voort. Daarvan getuig die voortgaande ontvolking van die platteland. Die mens werk as massa, ontspan in massas, word as massas deur die massasielkunde

---

31. Müller, op. cit., p. 27.

32. Van Riessen. De techniek, p. 1.

33. Barnard, A.C., op. cit., p. 8, praat van die versaakliking en instrumentalisering van die menslike lewe.

34. Müller, op. cit., p. 29.

35. Barkman, P.F. Man in conflict, p. 75. Hy praat van die konflik van persoonlike voordeel versus integriteit (vgl. Jak. 2:2-4) as een van die faktore wat konflik en spanning in die moderne lewe skep.

36. Barnard, op. cit., p. 8.

37. Id., p. 7.

van die advertensiewese aangelok, word as massa deur die massakommunikasiemiddele aangespreek en daar in sy massale stedelike bevolkingsaamtrekke word die mens van die atoomeeu deur massavernietiging bedreig. [38)]

Die opeenhoping van mensemassas maak dit nie alleen vir allerlei ongunstige elemente moontlik om daarin skuil te gaan nie, maak verder nie alleen van die mens 'n ratjie in die enorme arbeidsmasjienerie nie maar maak die lewe ook so gekompliseerd dat dit haas onoorsigtelik geword het. So verdwyn die mens dan mettertyd in die massa waarbinne hy hom laat dra en beweeg deur die openbare mening soos geformuleer deur die massakommunikasiemiddele. [39)] Noodgedwonge onderwerp hy hom aan die diktatuur van 'n tydsgees waaraan hy nie kan ontsnap nie omdat dit woeker op die teelaarde wat die samelewing en individu bied. [40)]

Ook die Afrikaanse volk en kerke en hulle lidmate bevind hulle in dié vreemde atmosfeer van 'n internasionale, uniforme denke en gewete. [41)] Hoe sterk moet die gelowige nie wees nie, veral die jongmens, om in hierdie massale bestaanswyse en alles oordreunende massamoraal sy gereformeerde identiteit te handhaaf!

3) Isolasie en gemeenskap

Die vertegniseerde menslike verhoudinge, waaruit belangstelling in die mens as medemens verdwyn, veroorsaak dat die moderne mens vereensaam. Maar omdat hy nie alleèn kan wees nie, vlug hy weer na die bedrywighede van die samelewing, na vermaak, wat eweneens tegnies is, soos byvoorbeeld die rolprent, radio en televisie waar hy 'n toeskouer en toehoorder bly, aangesien van hom geen teenprestasie verwag word nie. Gemeensaamheid en medemenslikheid is minder bekende woorde in so 'n samelewing. [42)]

---

38. Müller, B.A., op. cit., p. 29.

39. Grobler, J.P. Die eksistensialia: angs en skuld. Ned. Geref. teol. tydskrif, 3:238, Sept. 1966.

40. Müller, op. cit., p. 30.

41. Barnard, op. cit., p. 7.

42. Müller, op. cit., p. 31.

4) Beweeglikheid en kortstondigheid

Die moderne lewe met sy gejaagde tempo word nie alleen in die stede nie maar ook, hoewel minder, op die platteland bemerk. Dié gejaagdheid werk deur in die godsdiens.[43)] Daar is min tyd vir besinning en oordenking. Verandering het by sommige selfs 'n verlossingsmotief gekry.

Die lewe is ook in 'n ander sin beweeglik: Elke produk moet spoedig met 'n nuwe, beter produk opgevolg word. Daar is beweging van een kerk na 'n ander, een werk na 'n ander, een huis na 'n ander, een woonstel na 'n ander, een motor na 'n ander ens. In sekere kringe word niks meer as blywend of vas beskou nie. Geen indruk gaan baie diep nie, want dit word gou deur 'n snel opvolgende indruk verdring. Ook die geestelike waardes word in dié lig gesien.[44)]

5) Die ontbreking van 'n Bybelsbepaalde openbare mening

In die stad waar verreweg die grootste persentasie van die jeug hulle bevind, ontbreek 'n Bybelsbepaalde openbare mening in 'n baie groot mate.[45)] Die ondersteunende Christelike openbare mening van vroeër het in 'n groot mate weggeval.

6) Onsekerheid, wanhoop en tog hoop

Die moderne samelewing is gebroke. Enersyds bring die tegniek hoop (byvoorbeeld op ekonomiese voorspoed, sekuriteit en sosiale status); andersyds bring dit ook wanhoop mee (depersonalisasie, werkloosheid ens.). Enersyds sosiale sekerheid, andersyds onsekerheid en eensaamheid.[46)]

Dié onsekerheidsgevoel word verhewig deur die afwesigheid van 'n "vaste diepgeestelike middelpunt" wat die ou burgerlike samelewing beheers het.[47)] In die

---

43. Barnard, op. cit., p. 8.

44. Id., p. 8.

45. Id., p. 9.

46. Müller, op. cit., p. 32.

47. Loc. cit.

nuwe, onvaste sosiale struktuur voel die mens hom onseker.

Dié onsekerheid en twyfel is die bronaar van moedeloosheid en sinisme. Die gevolg hiervan is dat die lewe vir baie 'n skynbestaan aanneem waarin hulle van die een vakansie na die ander vakansie net maar voortbestaan, van die een inhoudlose sensasie na die ander vlug - op soek na "tydverdryf" hoewel hulle "nooit tyd het nie".

Tog vergaan die hoop op 'n toekoms en 'n geloof in die sin van die lewe nie maklik by die mens nie, selfs nie in 'n tyd wat so met twyfel en onsekerheid gelaai is soos vandag nie.

## 2.4 Die tyd van groot magte

Die antieke mens was bewus van magte waaronder hy gestaan het. [48)] So is dit ook met die moderne mens gesteld. Hy wat die God van die Skrifte nie dien nie, dien 'n afgod. Tot primitiwiteit versink, het die natuurvolke een of ander natuurvoorwerp tot god verhef. Op hoër beskawingspeil het die heidense kultuurvolke 'n verskeidenheid van kultuurgode uitgedink. Die "moderne" ongeloof het egter die <u>mens</u> op die troon geplaas. [49)] Die Humanisme wat die mens verhef, het verskeie -ismes gebaar wat een of ander aspek van die lewe verabsoluteer. [50)] Volgens Müller is hierdie verabsoluteringe magte wat bydra tot die demonisering van die persoonlike en sosiale lewe van ons tyd. [51)] Wanneer 'n verabsolutering 'n allesbeheersende mag word, word dit 'n pseudo-religie wat 'n plaasvervanger vir die Here HERE gevind het en dien. [52)]

So 'n pseudo-religie of ideologie is 'n neweproduk van die tegnologiese rewolusie en dien om aan die onseker geworde mens 'n vaste middelpunt te verskaf van waaruit

---

48. Bavinck, J.H. Religieus besef en Christelijk geloof, p. 40.

49. Strauss, H.J., op. cit., p. 12. Vandaar die naam: Humanisme.

50. Müller, op. cit., p. 33.

51. Loc. cit.

52. Vgl. Strauss, op. cit., p. 12.

die volle lewe weer georden en sinvol gemaak kan word. Hier kan veral gedink word aan die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing as heersende ideologie in 'n groot deel van die Westerse wêreld van ons tyd en aan die Kommunistiese ideologie (oorheersend) van die Ooste. 53)

Nou is dit egter opmerklik dat die "moderne" mens al hoe minder optimistiese Utopieë van ideologieë glo. Dit dui op 'n groot wantroue en gelooflosheid. Dit word allereers geopenbaar in die nihilisme wat die innerlike leegheid waarin die mens beland het, beklemtoon. Die mens kry 'n gevoel van sinloosheid, onsekerheid oor waardes en selfs walging (Sartre) aangaande die lewe. Vandaar ook die hoë selfmoordsyfer. Die mens voel beangs en "heimatlos". 54) Dit kom veral sterk voor by hulle wat godsdienstig onveranker is.

Hierdie eksistensiële onsekerheidsgevoel wortel in die persoonlike lotgevalle asook in die katastrofes van die twintigste eeu waaraan die mens uitgelewer was en nog is. J.H. Bavinck praat van die verlies van innerlike sekerheid as gevolg van die "dramatische gebeurtenissen van de laatste decennien". 55)

In so 'n vreemde, verganklike, veelal verdraaide en heillose wêreld weet die mens alleen maar dat die sin van sy bestaan daarin lê dat hy sy noodlot moet dra, al huiwer hy op die rand van vertwyfeling, want hy is geroep "tot die heroïese eksistensie wat onbevrees die afgrond instaar". 56) Hierdie vertwyfelde mens wil die toekoms sien as 'n sinlose niks. So nie probeer hy sy lewe sin gee deur hom te bind aan afgode-ismes. Daarin soek hy vastigheid, sekerheid, lewensin. Of anders poog hy om deur middel van die okkultisme 'n beter werklikheid te soek wat vir die natuurlike bewussyn verborge is. 57)

---

53. Müller, op. cit., p. 34.

54. Id., p. 37; vgl. ook Grobler, J.P., op. cit., p. 239: Hy praat van "verlies van Huis, Heimat en Seele".

55. Op. cit., p. 5.

56. Müller, op. cit., p. 38.

57. Bovet, Th. Practische zielzorg, p. 16; vgl. ook p. 39: Mens dink aan Spiritisme, Teosofie en

## 2.5 'n Tydperk van ontkerkliking en religieloosheid [58]

### 1) Relativisme

Kenmerkend van die religieuse mistiek van ons tyd is, aldus Müller, die nadruk op die subjektiewe geldigheid. [59] Weens die feit dat die wêreld al hoe meer één word, al kleiner krimp weens o.a. telekommunikasie kom daar al hoe meer kontak tussen mense, stelsels en idees van die uiteindes van die aarde en kry eie idees, beginsels, prestasies en geestelike erfenis 'n relatiewe geldigheid. [60] Die absoluutheidsaanspraak van die Christelike godsdiens word verwerp. [61] Die veranderende lewensituasie van die mens bring 'n gedragspluralisme mee wat veral die jongmens verwar. En hierdie gedragspluralisme, byvoorbeeld ten opsigte van Sabbatsgedrag, het weer 'n relativerende uitwerking op die absoluutheid van die Christelike gebooie. Wanneer dié pluralisme vergelyk word met die gedragskonformisme van 'n geslag of twee gelede, is dit meteens ook duidelik hoedat die veranderende wêreld die jeug voor nuwe probleme stel. Die sedelike eise is moeiliker.

Hoekstra het reeds in die twintiger jare van hierdie eeu verklaar dat die relativisme besig is om volstrek geldende norme hulle absolute karakter te ontneem en alle terreine van die geesteswetenskappe aangetas het, ook die praktyk van die lewe. [62] Ook vanuit die kring van die teologiese wetenskap is 'n beduidende bydrae gelewer tot 'n gees van twyfelsug, want ook daar het die

---

veral ook aan astrologie waarvan die tydskrifte wemel.

58. Vgl. Couwenberg, S.W., op. cit., p. 31. Hy praat van verlies van "religieuze zin".

59. Op. cit., p. 39.

60. Barnard, op. cit., p. 9.

61. Vgl. Kraemer, H.: "The outstanding characteristics of our time is the complete disappearance of all absolutes, and the victorious but dreadful dominion of the spirit and attitude of relativism", aangehaal deur Boshoff, C.W.H. The Christian message to the world today. Ned. Geref. teol. tydskrif, 1:89-96, Maart 1966.

62. Hoekstra, T., op. cit., p. 6.

relativisme sy invloed laat geld. [63] Die godsdiensgeskiedenis, vergelykende godsdienswetenskap, gesteun deur die moderne godsdienswysbegeerte het meegebring dat die Christelike godsdiens beskou word as 'n godsdiens naas ander godsdienste. Die normatiewe karakter van die Christelike godsdiens is daarmee in beginsel ontken. [64]

Hedendaags is die gevolg van die deurwerking van voorgenoemde relativeringsmagte die verskynsel dat alles aanvaar word, maar nooit in die geheel nie, dat alles waardeer word sonder om daaroor "warm te word". [65] Uitvloeisel hiervan is 'n verdraagsaamheid teenoor al wat geloof en leer is. Dié verdraagsaamheid word ook teenoor die Evangelie geopenbaar: die Evangelie word geglo en waardeer, maar 'n besliste keuse vir Christus word nie gedoen nie. En so bly die geloof maar net historiese geloof!

Dooijeweerd is dan ook reg as hy verklaar dat die toenemende relativisme wat die Westerse beskawing aangetas het vir 'n kragtige geloof geen ruimte gelaat het nie omdat dit alle vertroue in 'n absolute waarheid vernietig het. [66]

2) <u>Emansipasie</u>

Die mens wat verlig en vry geword het, laat hom nie bind deur gesag nie [67], veral nie deur die gesag van die kerk en evangelie nie. [68] Daar is slegs die gesag van die menslike rede wat bepaal wat mag en wat mag nie. Geloof op grond van gesag alleen is onhoudbaar; iets moet eers "bewys" word.

As hierby in gedagte gehou word dat godsdienstige twyfelvrae by die jeug in wese veral vrae van die

---

63. Bavinck, H. De zekerheid des geloofs, p. 9; vgl. tans weer die ontmitologiseringsteologie.

64. Hoekstra, T., op. cit., p. 8.

65. Barnard, op. cit., p. 10.

66. Dooijeweerd, H. Wat is die mens? (Afr. vertaling) pp. 6 en 7.

67. Treurnicht, A.P. Die wese en vrug van die liberalisme. <u>Handhaaf</u>, 1:7, Jan. 1965.

68. Barnard, op. cit., p. 10.

kritiek van die menslike rede teen die waarheid van God is [69] dan moet die bogesketsde emansipasie nie net 'n verleiding vir die jeug wees nie maar ook hulle twyfel verhewig en sodoende hulle geloofsekerheid teenwerk.

3) Sekularisasie

Sekularisasie of verwêreldliking vind plaas wanneer die menslike of tydelike, die wil en begeertes van die mens, in die plek van God en sy Woord gestel word.[70] Wat op die vlak van die ewige lê, word afgetrek na die vlak van die wêreldse. Die gevolg is 'n profanisering in die ganse menslike lewe omdat die lewe onttrek word aan God en die kontrolering deur sy Woord. 'n Geestelike dreinering vind plaas.

Enersyds kry 'n mens gevolglik die verskynsel van twee "wêrelde": dié van die profane en dié van die kerklike of religieuse. Dit word al hoe meer wêrelde wat elk sy eie waardes en geesteskliмaat besit. [71] So 'n verskeurdheid in die lewe moet noodwendig by baie jeugdiges wat in so 'n lewe opgroei 'n verskeurdheid teweeg bring ten opsigte van die geloof in wat waar en wat goed is. Twyfel is die wrange vrugte daarvan. Vergelyk in dié verband die sg. neutrale wetenskap.

Andersyds bring die sekularisasie binne die kerk 'n doodsheid, aangesien die "gesekulariseerde" lidmate deel van die kerk is. So 'n kerk bied vir die jeug weinig in hulle stryd om lig en sekerheid. Die gevolg is 'n afsydige houding of minstens 'n "neutrale" houding teenoor die kerk [72] en 'n innerlike verskeurdheid in lewens- en wêreldbeskouing.

Ongetwyfeld tree sekularisasie ook op baie terreine in die lewe van die Afrikaanse gesin in. Gaandeweg ondergaan die norme, soos aanvanklik ontleen aan die Bybel, 'n wysiging. 'n Bekende sosioloog, J.E. Pieterse, wys op die volgende as bewyse daarvan: Egskeidings word

---

69. Waterink, J. Puberteit, p. 156.

70. Barnard, A.C. Kerk en vervreemding, p. 17.

71. Vgl. Müller, op. cit., p. 41.

72. Id., p. 42.

in sommige gevalle goedgepraat; daar word akkoord gegaan met skemerkelkies; Sondag is nie meer 'n dag van verootmoediging nie; die vrees om dalk as preuts bestempel te word; maar intussen besef ons "nie altyd dat ons besig is ... om die siele van ons kinders te skaad nie". [73]

4) Onrus

Van Doornik het bevind dat 'n onrus deel van die moderne jeug geword het; dat daar al hoe meer sorge oor die toekoms is terwyl diskontinuïteit met die verlede en verlating van ou norme en sekerhede duidelik word. "Onrust tekent deze generatie." [74]

5) Ontkerkliking

Innerlike losheid teenoor die kerk word mettertyd verbreking van bande met die kerk. Die ouer is gedoop en het miskien ook belydenis van geloof afgelê, maar omdat hy kerklos geword het, word die kind miskien darem nog ten doop gebring en miskien ook nie. Dit is 'n verswakking van geslag tot geslag. So laat die moderne mens sy ankers los. Hoe minder verankerd hy is, hoe groter sy onsekerheid.

Volgens skatting van Barnard kan een-derde van lidmate van die Ned. Geref. Kerk tot die kerkvervreemdes gereken word. Een-derde kan as lewende lidmate beskou word terwyl die res in 'n tussenposisie van louheid verkeer. [75] In 1956 reeds is ook in die Gereformeerde Kerk verklaar "dat die kerklike besef by Gereformeerde lidmate in die algemeen tot 'n ontsettende mate verflou het, en selfs waar dit nog bestaan, is dit dikwels baie oppervlakkig; ja, tot so 'n mate dat die voortbestaan

---

73. Pieterse, J.E. Wat is verkeerd in die tipiese Afrikaanse huisgesin? Lesing gehou voor diakonale konferensie van die Ned. Geref. Kerk: Johannesburg, 1965.

74. Van Doornik, N.G.M. Jeugd tussen God en chaos, p. 274.

75. Gegewens verkry in 'n onderhoud met Barnard, dr. A.C., leraar van die Ned. Geref. gemeente Johannesburg, belas met evangelisasiewerk en ook skrywer oor dié onderwerp: 3 Nov. 1966.

van ons kerk daardeur in gedrang kom".[76] Volgens rapport van 'n ad hoc-komitee van die Nederduitsch Hervormde Kerk was daar in 1960 172,832 Afrikaanssprekendes wat nie tot die drie Afrikaanse Kerke behoort het nie.[77] Die getal wat tot geen kerk behoort nie, het gestyg van 24,000 in 1946 tot 44,000 in 1960. Waarskynlik moet hierdie getal veel hoër wees.[78]

Dié tendens van kerklike vervreemding, 'n passiewe houding wat voortwoeker tot algehele verlating van die kerk, is reeds in 1958 deur prof. Brillenburg Wurth, tydens sy besoek aan Suid-Afrika, voorspel. Volgens hom was daar toe reeds duidelike tekens van kerklosheid, onkunde en onverskilligheid waarneembaar. In Nederland met sy huidige kerkloosheid en -losheid was die toestande 20-25 jaar gelede soortgelyk aan die hedendaagse toestand in Suid-Afrika.[79]

Die student groei op in hierdie wêreld waarin die kerklike verankerdheid losgewoel word en niks in die plek daarvan gestel word wat hom sekerheid en vastigheid gee nie. Eerder word hy verwar deur die gedragspluralisme, byvoorbeeld ten opsigte van die Sabbat, verhouding man-dame, kerkgang ens. Vandaar onsekerheid; meer nog: twyfel op sedelik-godsdienstige gebied.

## 2.6 'n Tydperk van onsekerheid en twyfel

Aan die begin van die twintigste eeu het Bavinck verklaar dat twyfelsug die sielsiekte van hierdie eeu is.[80] Daarna het Stegenga in 1924 [81] en nog later Hoekstra [82] Bavinck se diagnose bevestig met die gedagte dat die twyfel so algemeen verbreid is dat "men hem schier by iedere mensch, ook bij iedere kerkganger

---

76. Kommissie rapport (1956). Toenemende verflouing van kerkbesef. Die Kerkblad, 59:7, 7 Nov. 1956.

77. Notule, 54e Algemene Kerkvergadering, 1964. Bylae I, p. 5.

78. Loc. cit.

79. Die Kerkblad, 61:7-8, 1958.

80. Bavinck, H., op. cit., p. 8.

81. Stegenga, Azn. P. Twijfel, p. 15: aangehaal Hoekstra, op. cit., p. 4.

82. Hoekstra, T., op. cit., p. 5.

aantreft". [83] Dit is 'n feit, verklaar Hoekstra verder, dat lidmate in geloofsvastheid nie vooruit nie maar agteruit gegaan het sodat die verlede by die hede gunstig afsteek. [84]

Daarmee hang die verswakking van die invloed van die Christendom onder die kultuurvolke ten nouste saam. Ou waarhede wat eeue lank vir almal as onbetwisbare vastighede gegeld het, soos geloof in die bekende drie: God, deug en onsterflikheid is vir die vertegniseerde massa nie meer so erg belangrik nie. [85]

Die jeug word in 'n tweeslagtige wêreld groot wat enersyds die "nuwe" en "moderne", sogenaamd verligte lewens- en wêreldbeskouing en andersyds die Christelike lewens- en wêreldbeskouing voorhou, met eersgenoemde veelal die sterkste propagandis van sy ware. Die jongmens is wat lewensbeskouing betref soms innerlik verskeurd weens teen mekaar strydende elemente van twee of meer strydige waardestelsels in hom. Vandaar sy twyfel.

## 2.7 Is dit ook waar van Suid-Afrika?

Daar moet gewaak word teen die fout om wat vir Wes-Europa t.o.v. die tydsgees geld presies so op Suid-Afrika en die Afrikanervolk van toepassing te maak. Op die vraag of dit wat tot hiertoe in verband met die tydsgees gesê is ook (en, indien wel, in watter mate) op genoemde volk van toepassing gemaak kan word, moet dus afsonderlik aandag gegee word.

Word voorgenoemde tiperende verskynsels van die hedendaagse tydsgees wat onsekerheid, onrus en twyfel in die hand werk in Suid-Afrika aangetref? Volgens deskundiges [86] word die "moderne" tydsgees in Suid-Afrika minder intens as bv. in Europa ervaar maar dit speel tog onmiskenbaar 'n groot rol hier te lande, ook onder Afrikaners.

---

83. Loc. cit.

84. Hoekstra, T., op. cit., p. 8; vgl. ook Bavinck, H., op. cit., p. 15, se oortuiging dat die sekerheid vanaf die 18e eeu merkbaar begin taan het.

85. Spier, J.M., op. cit., p. 21.

86. Barnard, A.C. in onderhoud: 3 Nov. 1966; vgl. ook Boshoff, C.W.H., op. cit.: "What is true of the outside world, its true of South Afrika."

Die belangrikste faktore wat 'n groot bydrae gelewer het en nog lewer in die vestiging van die tydsgees in Suid-Afrika en onder die Afrikaanse gemeenskap hang ten nouste saam met die verskynsel van 'n wêreld wat klein gekrimp en veel uitruiling van idees tot gevolg het. [87]

1) Telekommunikasie

Deur die film, pers en radio is die mens in Suid-Afrika in daaglikse kontak met wat in die res van die wêreld gedink en gedoen word. Hierdie media plaas die mens in Suid-Afrika voor die massaliteit van 'n wêreld-opinie wat alles wil relativeer. Voor so 'n vloed van koerantberigte en liberale moraal staan die Afrikaanse jeug ook en wel met die relatiewe swak toerusting wat eie is aan alle onvolwassenheid.

2) Immigrasie

Hoe noodsaaklik, polities en ekonomies gesien, immigrasie ook vir Suid-Afrika mag wees, dit is 'n konstante stroom van draers van idees en lewensgebruike van Europa na Suid-Afrika, wat meestal nie 'n versterking van die Christelik-Afrikaanse lewenswyse en beskouing is nie.

3) Buitelandse studie

Dit bring direk of indirek ons jeug in aanraking met die geleerdheid van Amerika of Europa. Omdat geleerdheid of wetenskap nie neutraal kan wees nie, oefen dit lewensbeskouelike invloed uit, soms ten goede, dog baie maal ten kwade.

4) Die wetenskap gepopulariseer

Deur die popularisering van wat "die wetenskap" gevind het (byvoorbeeld evolusionistiese hipoteses wat as feite voorgehou word), het baie gevind dat hulle geloofsinhoud bevraagteken word (byvoorbeeld geloof aan die skepping). Die voortdurende verklarings in die openbare pers oor "wetenskaplike" ontdekkings wat algeheel stry met die Christelike geloofsinhoud, bring via

---

87. Loc. cit.

perskanale oorsese en plaaslike on-Bybelse beskouinge onder die aandag van elke jong koerant- en tydskrifleser en wek twyfel aangesien die gangbare Christelike leerstellings met so 'n gewigtige gesag as die (sg.) wetenskap bevraagteken word. [88] Die gevolg is dat selfs wanneer by sommige 'n godsdienstige geloof gevind word, dit veelal gepaard gaan met twyfel aan bepaalde dogmas - wat as 'n restant van 'n verbygegane periode beskou word. [89] Skrywer hiervan weet uit eie ervaring met studente dat die gepopulariseerde "wetenskap" die jeugdige gemoed met swaar vrae belaai.

## 2.8 Ontplooiing van die kwaad

Wurth stel dit as sy oortuiging dat die voortgang van die menslike ontwikkeling "ook wel kennelijk leidt tot een raffinement in het kwaad". [90] Die tegniese "kunde" van die mens wat hom veral in ons tyd ontplooi het soos nooit tevore nie, het enersyds, wat lewensgerief en lewensontwikkeling betref, die kulturele peil van die samelewing na nuwe hoogtes gevoer. Andersyds en tegelyk het dit egter ook die sonde-ontwikkeling beduidend gestimuleer. Wurth dink veral aan die morele invloed van so 'n tipies moderne kultuurverskynsel soos die bioskoop. [91] Watter geweldig prominente plek dit inneem in die lewe van Suid-Afrikaners blyk uit die feit dat 'n hoë persentasie van die volk weekliks rolprentteaters besoek waar hulle hulleself vrywillig stel onder die hand van die masseur van die openbare mening. Barnard wys hierby veral op die aftakelende invloed van die sg. Bybel-rolprente [92] waarin die gewyde inhoud

---

88. Vgl. as voorbeeld: Anon. Kan 'n mens vir altyd aan die lewe gehou word - nuwe wetenskap dui op moontlikheid. Die Vaderland, 31 (9270): 42, 3 Nov. 1966. So 'n vertolking van die "wetenskap" moet by meer as een twyfel omtrent die Bybelse leer van die dood as 'n seker gevolg van sonde wek.

89. Hoekstra, T., op. cit., p. 6.

90. Vgl. Brillenburg-Wurth, G. Het Christelijk leven, p. 9; vgl. ook Barnard, A.C. Kerk en vervreemding, p. 22 wat die aandag ook vestig op 2 Thess. 2:11.

91. Brillenburg-Wurth, G. Het Christelijk leven, p. 9.

92. Barnard, A.C. in onderhoud, 3 Nov. 1966.

gesekulariseer en selfs as "grootse aanskoulike vermaak" aangebied word. [93] Die rolprent is verantwoordelik vir 'n hopelose vervlakking van die hele lewensfeer. [94] Die nie positief-Christelike lektuur van die sogenaamde neutrale pers speel hierby 'n groot en aanvullende rol.[95] Agteruitgang in moraliteit en twyfel oor die juiste sedelikheidsopvatting is die gevolg. [96]

## 2.9 Die tydsgees intensifiseer twyfel by die jongmens

### A. Deskundiges se standpunte

Suid-Afrikaanse deskundiges lê op een of ander wyse 'n sterk verband tussen die twyfel by die jeug en die hedendaagse tydsgees. Rekening word gehou met die feit dat die onvolwasse jeug inherent onstabiel en geneig tot twyfel is.

#### 1) Prof. dr. W.J. de Klerk (studenteraadgewer) (P.U. vir C.H.O.)

Prof. de Klerk skryf twyfel by studente onder andere toe aan persoonlikheidsontwrigting wat die gevolg is van "ons tyd se vereensaming, vermoeidheid, verveling en subjektiwiteit". [97] Prof. de Klerk grond sy bewerings op waarneming van studente wat hom in sy hoedanigheid as studenteraadgewer besoek het. Elders maak de Klerk gewag van "magtige invloed van die tyd waarin ons lewe" wat "die hedendaagse student" bedreig. Daar is volgens hom veral vyf probleme waarmee die moderne jongmens te kampe het [98]:

---

93. Vgl. Meiring, A.M. aangehaal in 'n verklaring namens dagbesture van sinodale kommissies vir openbare sedelikheid van die Ned. Geref. Kerk, gerapporteer in Die Transvaler, 29 (195): 6 kol. 7, 8, 9, 19 Mei 1966.

94. Brillenburg-Wurth, G. Het Christelijk leven, p. 9.

95. Van Herksen, J., op. cit., p. 22.

96. Brillenburg-Wurth, G. Het Christelijk leven, pp. 9, 10.

97. De Klerk, prof. dr. W.J. (P.U. vir C.H.O.) in korrespondensie met skrywer: 10 Mei 1966.

98. Gerapporteer Die Veteraan, 4:39, Des. 1966.

a) Die gevaar van massaliteit, sodat die hegte samehorigheidsgevoel tussen studente ontbreek.

b) Die jeug van vandag verloor die diensmotief en het te kampe met die probleem van selfbehaging.

c) Die student versmal in die eng baan van sy gespesialiseerde rigting,

d) wat meehelp om sy verwardheid te verhoog

e) en wat vereensaming te midde van die massa bring.

2) Drs. H.C. Castelyn, hoof van die Dept. Godsdiensonderrig en Bybelkunde aan die Pretoriase Onderwyskollege

Castelyn glo dat die twyfel van ons jeug nie slegs die gevolg is van onkunde in verband met die Christelike geloof nie maar die gevolg van die tydsgees. Volgens hom het die ontwikkeling van die tegniek soveel onsekerheid en twyfel kón veroorsaak omdat Kerk en Onderwys (skool en kollege) nie voldoende daarin kon slaag om in prediking en Godsdiensonderrig (én pastorale sorg) deur te dring tot die nood van die mens in die nuwe situasie nie. 99) Castelyn stel hom egter nie daarom op die standpunt van Bultman, Robinson, Tillich, Banhoeffer e.a. nie, wat die Woord wil ontmitologiseer om by die nuwe situasie te pas nie.

3) Ds. J.H. Malan, leraar belas met bearbeiding van studente van die Ned. Geref. Kerk van U.O.V.S.

Malan wyt twyfel van studente o.a. aan "liberalistiese, ateïstiese .. anti-godsdienstige en anti-christelike propaganda deur middel van pers, radio, film, ens." 100)

4) Ds. J.J. Engelbrecht, leraar van die Ned. Hervormde Kerk; skrywer van: Die jeug in die smeltkroes

Engelbrecht verklaar in verband met die huidige tydsgewrig: "Die Christelike jeug van die 20e eeu verkeer in 'n smeltkroes van ... geloofsbeproewing, miskien

---

99. Standpunt gestel in onderhoud van skrywer met Drs. Castelyn op 4 Junie 1966 te Pretoria.

100. Korrespondensie van Malan met skrywer: 3 Junie 1966.

erger as wat enige geslag van Christene moes deurmaak."[101]

5) Dr. A.C. Barnard, leraar belas met en skrywer oor evangelisasie

Barnard, wat van die invloed van die tydsgees 'n grondige en volgehoue studie maak, stel dit as sy oorwoë mening dat die twyfel van die jeug deur die tydsgees geïtensifiseer word. Van heel jongs af word by hulle twyfel gewek en verhewig deur die faktore wat hoër op genoem is. [102]

B. Gevolgtrekkings

1) Uit voorgenoemde kan nou met reg gekonkludeer word dat die tydsgees 'n sterk faktor is by die geloof en twyfel van die jeug.

2) Die gevolg van die tydsgees se invloed op die jeug is verhewigde twyfel en onsekerheid.

3) Die positiewe is egter dat diegene wat die twyfel oorwin soveel sterker in die geloof staan as hulle wat minder aanvegting van die geloof sou ondervind.

4) Om dit andersom te stel, naamlik dat twyfelskeppende of - verhewigende faktore noodsaaklik is om 'n sterk geloof te kan besit, is egter 'n valsheid. (Ps. 127:2).

5) Die tydsgees het die jeug eerliker en meer krities teenoor hulleself gemaak as wat die jeug van 50 jaar gelede was. Die gevaar van skynvroomheid en saamlopige kuddegees is geringer.

6) Hoewel godsdiens deur die jeug nog as sentrale lewenswaarde geag word, is daar tekens dat onder invloed van die tydsgees die godsdiens nie na 'n dieper belewing van die geloof nie maar tot 'n soeke na nuwe weë voer. [103]

7) Wie die jeug van vandag wil onderrig in die Bybel sal grondig kennis moet neem van die tydsgees en sy invloed op die jongmens.

---

101. Engelbrecht, J.J. Die jeug in die smeltkroes, p.7.

102. Standpunt gestel in onderhoud van skrywer met Dr. Barnard op 3 Nov. 1966 te Johannesburg.

103. Vgl. Van Doornik, N.G.M., op. cit., p. 214.

## 3.0 Die histories-pedagogiese faktor

### 3.1 Die gewetensklousule [104]

#### 1) Trefwydte van die faktor

Hierdie faktor raak die onderwysstudent in sy graadstudie aan daardie universiteite waar die gewetensklousule nie geskrap is nie. Wat die Transvaalse universitêre opleiding betref, speel hierdie faktor 'n rol aan alle universiteite met uitsondering van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Alle onderwyskolleges, met uitsondering van dié te Potchefstroom wat sy graadstudente na eg. inrigting stuur, word dus geraak deur hierdie faktor, aangesien Transvaalse Afrikaanse onderwyskolleges gekoppel is met 'n universiteit ten opsigte waarvan die gewetensklousule nog van krag is. (Die Randse Afrikaanse Universiteit en vanaf 1968 die Goudstadse Onderwyskollege hier ter syde gelaat.)

#### 2) Botsende denkrigtings

Neutraliteit is onmoontlik hier. [105]

Hoewel sowel die ongelowige as die Christenwetenskaplike dieselfde feitemateriaal bestudeer, aanvaar eersgenoemde dit as onafhanklike gegewe, terwyl die ander dit as deel van die skeppingsorde van God aanvaar. Wanneer die wetenskaplike vervolgens die feite interpreteer, met mekaar in verband stel en 'n geheelbeeld opbou van dié deel van die werklikheid wat hy in sy bepaalde vakwetenskap bestudeer, doen hy dit vanuit een of ander uitgangspunt wat noodwendig óf nie-Christelik of Christelik moet wees. [106] Neem hy sy uitgangspunt transendent in God, kry hy 'n eenheidsvisie oor die geheel,

---

104. "Niemand mag op enigerlei wijze aangaande zijn godsdienstige gezindheid getoets worden als voorwaarde om een gegradueerde van de Universiteit of Professor of Lector, dosent of student aan de Universiteit te worden of te blijven of om daarin een ampt, emolument of voorrecht te bekleeden of te genieten, zullen tevens aan niemand de voorkeur gegeven of een voordeel onthouden worden op grond van zijn godsdienstige gezindheid." Vgl. J.H. Jooste: Die gewetensklousule en ons universiteite, p. 1.

105. Vgl. Potgieter, F.J.M. Prinsipiële verantwoording ... p. 3.

106. Vgl. Strauss, H.J. Christelike Wetenskap en Christelike Onderwys, p. 49 e.v.

gedra deur 'n Christelike lewensbeskouing met die gevolglike ontplooiing van 'n geïntegreerde persoonlikheid. Neem hy dit immanent in die gebroke werklikheid, is hy meteens verdwaal tussen die magdom van besonderhede en word hy gedwing om een of ander aspek van die werklikheid te verabsoluteer. [107)] Hierin lê die verklaring van die vele -ismes op wetenskaplike gebied waaraan die student uitgelewer is.

3) Invloed op studente

Feitlik alle -ismes word onder die doserende personeel van die universiteite en kolleges in ons land aangetref en die student - ook die onderwysstudent - kry gevolglik geen eenheidsleiding nie. Veral die jong en onervare student word daardeur in verwarring gebring omdat gelyktydig verskillende beskouinge (van onderskeie dosente) op hom inwerk. [108)] Die gevolg van so 'n eklektisisme is die kweek van 'n mens wat "neutraal" is, omdat hy van niks werklik vurig oortuig is nie, en wat weer in die skool "neutrale" mense gaan kweek - mense wat basies onseker is of teenstrydige "sekerhede" omhels.

Rodney Stark het in heel resente tyd 'n noukeurig gedokumenteerde studie gedoen wat uit 'n landswye monster aangetoon het "that graduate education is negatively associated with religious involvement." [109)] Volgens Strommen lewer hierdie studie bewys van "the strong relationship between exposure to modern scholarship and a lessening of religious interest". [110)] Ook T.F. Hault se bevinding was dat "education in secular subjects, even when supervised by sectarian groups, very often undermines traditional religious belief". [111)] Die

---

107. Bv. die natuur in naturalisme, die mens in humanisme; ook historisme, ewolusionisme ens.

108. Jooste, J.H., op. cit., p. 2, praat van die "verwoestende uitwerking" op studente " se geloofslewe".

109. Stark, R. On the incompatibility of religion and science: a survey of American graduate students. Journal for scientific study of religion, 3:3-20, 1963.

110. Strommen, M. The relation of Christian theology to psychological research, Religious education, vol. LX: 199-208, Mei-Junie 1965.

111. Aangehaal deur Hadden, J.K. en Evans, R.R. Some correlates of religious participation among college freshmen", Religious education, LXI: 277, Julie -Aug. 1965.

rede hiervoor is deur Van Doornik geformuleer as inwendige konflikte veroorsaak deur die wanverhouding tussen wetenskap en godsdienstige waarhede. [112] Daarom moet ons ook saamstem met Jeffreys as hy verklaar: "Education is bound to be pagan unless it is Christian through and through in purpose, content, and method". [113]

4) <u>Histories gesien</u>

Die humanisme het met sy opkoms in die Wes-Europese staatswese weldra 'n stewige greep op die staatkunde verwerf. Die humanisme verkondig dan dat die staat en owerheid 'n neutrale instansie in die lewe van die mens is - neutraal ook teenoor Christus. Hiervolgens hoef die owerheid nie rekening te hou met die verskil tussen geloof en ongeloof op sy grondgebied nie.

Baie nou samehangend met die leer van die neutrale owerheid, kom die leerstuk van die neutrale wetenskap en neutrale onderwys in die 18e eeu in Wes-Europa na vore. Wanneer Suid-Afrika sy eerste universiteit verkry, laat genoemde leer van die neutraliteit hom geld in die daarstelling van die gewetensklousule. [114] Prakties beteken dit dat die Raad van 'n universiteit nie mag vra of 'n betrokke applikant 'n Christen is nie.

5) <u>Die uitwerking van die gewetensbepaling</u>

Deur genoemde bepaling is die deure van universiteite oopgelaat vir allerlei strominge. By daardie deur het selfs kommuniste binnegekom. Die dosent is wel deur die gewetensklousule beskerm, maar die student nie! Van die "gewetensvryheid" wat sogenaamd deur die klousule gewaarborg sou word, is daar vir die Christen dus niks nie. Hy word gedwing om hom bloot te stel aan elke beskouing wat deur die "neutrale" wetenskap gedra word.

Wat die onderwyskolleges betref, was daar tot nou toe 'n opportunistiese reëling wat eintlik die aanstelling van dosente in die hande van streekkomitees stel

---

112. Op. cit., p. 285.

113. Aangehaal deur Potgieter, F.J.M., op. cit., p. 6.

114. Vgl. Jooste, J.H., op. cit., p. 1.

wat weer op hulle beurt deur die administrateur benoem word. Hoewel tans met betreklike noukeurigheid gelet word op kandidate vir dosentposte bestaan daar geen sif om die onsuiweres te weer nie. Nuwe onderwyswetgewing laat ook tot dusver onderwysersopleiding in die lug hang. [115)]

Vir die jong student is 'n verskeidenheid van standpunte verwarrend. Dit lei tot onsekerheid en tot twyfel aangaande die gereformeerde leringe.

Hierteenoor stel skrywer die eenheidsvisie van die Christelike wetenskap. [116)]

### 3.2 Invloede wat opkom uit die geestelike denkproses van die volk

Daar is bepaalde dogmatiese beskouinge wat deur die denkbeelde van ouer geslagte beïnvloed is. Onder die nawerkinge van dié invloede opgevoed, ondervind die huidige geslag twyfel.

1) Een voorbeeld hiervan is die Metodistiese gedagte, na aanleiding van 1 Kor. 10:12, Lukas 11:26; Hebr. 6: 4-6 ens., dat 'n mens van sy saligheid nie seker kan wees nie [117)], aangesien dit moontlik is dat 'n gelowige weer uit God se genade kan wegval. [118)] Natuurlik sal so 'n histories-pedagogiese lering veel twyfel wek.

2) Van Herksen wys ook op die gedagte wat by baie gelowiges ondergronds leef, naamlik dat iets van die beloftes van God beléêf moet word; 'n mens moet na sy regverdiging anders vóél. [119)] Dit is die weg van sielsbevinding van die Piëtisme [120)], veral dan die nawerking van die Doperse en geesdrywende elemente, en uiteraard 'n verkeerde siening van wedergeboorte en

---

115. Coetzee, J.C. Ons nuwe onderwyswetgewing. <u>Onderwysblad</u>, 810: 1-2, April 1967.

116. Vgl. p. 174 e.v.

117. Vgl. Jansön, M. Sodat julle kan weet, p. 47-50; vgl. ook supra p. 9.

118. Vgl. supra, p. 2 e.v.

119. Van Herksen, J., op. cit., p. 17; vgl. ook De Bruyn, Die gelowige in twyfel, p. 15.

120. Vgl. supra, p. 59.

bekering. [121]

3) In noue samehang met laasgenoemde word ook die gedagte gevind dat 'n mens dag en datum - eintlik ook uur en minuut - moet kan noem waarop hy tot bekering gekom het. En wanneer studente dit nou nie kan sê nie, begin hulle ernstig te twyfel oor eie saligheid.

4) Twyfel word by die jeug ook veelal gedra deur 'n ondergrond van verkeerde verwagtinge, dus deur 'n mate van teleurstelling. Prof. de Klerk vra: "Is ons dominees nie medepligtig hieraan nie" (d.w.s. aan 'n soort "sukses-godsdiens" wat voorgehou word) - "in ons absolute slagspreukagtig ongekwalifiseerde stelling: As jy glo sal God jou altyd help en jou lewe vol en mooi maak. En nou gebeur dit nie - en dan: twyfel.." [122]

3.3 <u>Onkunde</u>

Onkunde kan ook as behorende tot die histories-pedagogiese faktore gereken word. Cruze toon aan dat die omvang van twyfel beslis beïnvloed word deur die omvang van die adolessent se kennis en die aard van sy vroeëre godsdienstige opvoeding. [123]

Histories gesien is die adolessent se powere kennis van die Bybel toe te skrywe aan swak Godsdiensonderrig in die skole en swak kategetiese onderrig in die Kerk. Bewys hiervan word gevind in

a) voorlopige bevindinge van 'n ondersoek wat 'n kollega en skrywer [124] ingestel het na die stand van Bybelkennis by afgestudeerde matrikulante. Die gemiddelde persentasie behaal in dié vraelys (wat deur die ondersoekers, kollegas en inspekteurs as nie hoër as st. 8 standaard geskat word nie) is 36%.

---

121. Vgl. pp. 19-23. Vgl. Bavinck, H., op. cit., p. 94; vgl. ook Treurnicht, A.P. Ek weet my verlosser leef, pp. 30, 47 e.v.

122. In korrespondensie met skrywer: 10 Mei 1966.

123. Adolescent psychology and development, p. 267.

124. Ondersoek begin deur G.P. Wijnbeek en voortgesit deur H.J.S. Stone na stand van Bybelkennis by afgestudeerde matrikulante. Toetsgroep: 600 studente in hulle eerste jaar voordat lesings 'n aanvang neem: 1965-67.

b) Daarby kan 'n ondersoek vermeld word wat deur Ds. D.J. Viljoen in samewerking met Godsdiensonderrig-dosente van die Pretoriase Onderwyskollege onderneem is. [125]) Die toetsgroep het bestaan uit 766 jongmense. Daarvan was 692 studente en 74 KJV-lede wat nie studente was nie. Die ondersoek is in 1958 ingestel om die stand van Godsdiensonderrig aan middelbare skole in Transvaal te bepaal. Vrae en antwoorde soos die volgende voorbeelde spreek vir sigself.

<u>Vraag</u> 2: Het u enige aantekeninge afgeneem?
149 antwoord: Ja
303 antwoord: Nee
100 antwoord: In sommige standerds
15 antwoord: Soms
6 antwoord: Opsioneel

<u>Vraag</u> 4: Watter handboek is gebruik?

Boeke soos die volgende is genoem: "Billy Graham" (1); "Die Kleed" (13); "The Big Fisherman" (5); Werke van Langenhoven (5); Etiketreëls (1); "Die Hand wat die spykers ingeslaan het" (11) ens. (Die getal in hakies is die frekwensie.)

<u>Vraag</u> 5(a): Het u soms toetse geskryf?
448 antwoord: Nee

<u>Vraag</u> 6: Indien die betrokke periode nie vir Godsdiensonderrig gebruik is nie, waarvoor was dit wel gebruik?

Onder die antwoorde kom voor: skoolfonds, huiswerk, Duits, Engels, wiskunde ens., konsert en operette oefen, sport, register merk, klas skoonmaak, agterstallige werk, volkspele, jagstories ens.

So was die ganse Godsdiensonderrig aan middelbare skole natuurlik nie, maar dis uit die ondersoek duidelik dat die vak in baie skole op 'n skandelike wyse afgeskeep is.

Sedert 1958 is nie alleen nuwe sillabusse vir laeren middelbare skole ingevoer nie maar is ook groot vordering gemaak met beter voorbereiding van onderwysers in die vak Godsdiensonderrig, terwyl die I.K.K. met hand- en leerboeke eweneens 'n groot verbetering help

---

125. Verkry van Castelyn, H.C. Die Pretoriase Onderwyskollege.

bewerk het.

Uit eie ervaring weet skrywer, soos ook deur eersgenoemde ondersoek bevestig word, dat Godsdiensonderrig aan te veel middelbare skole nog steeds nie tot sy reg kom nie. Die gevolg daarvan is onkunde wat 'n beduidende rol t.o.v. geloof en twyfel by die onderwysstudent speel. Wie min met sekerheid weet, kan nie veel sekerheid hê nie en word in sy oortuigings maklik geskommel.

Dit is nie net gebrek aan kennis van die liefde van God wat die oorsaak is dat jongmense twyfelend deur die lewe gaan nie. Dis ook onkunde oor leerstellige sake soos die werklike betekenis van die lastering teen die Heilige Gees, die betekenis van die voorspoed van die goddelose en die teenspoed van die regverdige [126], die suiwere kennis oor die uitverkiesingsleer ens. wat twyfel wek. Suiwere kennis en meer kennis van Gods Woord is dus essensieel. [127]

In die lig hiervan moet die instelling van Bybelkunde aan Transvaalse middelbare skole verwelkom word.

## 4.0 <u>Die psigologiese faktor</u>

### 4.1 <u>Die ouderdom as faktor</u>

Die synswyse van die geloof is nie aan 'n bepaalde leeftyd gebonde nie maar is eweveel eie aan die kindertyd as aan die volwassenheid of die ouderdom. Tog is daar aksentverskille deurdat die totaliteit van die kind anders is as dié van die adolessent, net soos dié ook weer anders is as dié van die volwassene of bejaarde. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat psigiese ryping 'n ryping in die geloofslewe meebring. [128]

Die ouderdomsfaktor het dus uiteraard met die rypheid en stabiliteit van die geloofslewe en die verskynsel van twyfel veel te make. In die volgende hoofstuk

---

126. De Bruyn, P.J., op. cit., p. 16.

127. Vgl. supra p. 46.

128. Rümke, H.C. Karakter en aanleg in verband met het ongeloof, p. 70 e.v.; vgl. ook Kupky, O. Religious development of adolescents, p. 109: "The whole personality of a young person grows and with it his religion."

sal die godsdiens van die adolessent nader omskryf word.

Met die oorgang van puberteit via adolessensie na volwassenheid hang 'n onstabiliteit saam, 'n adolessente "Sturm-und-Drang", soms 'n gepieker en gebroei oor religieuse kwessies wat met sporadiese neerslagtigheid, introspeksie, sterk sondebesef en, as resultaat by baie, twyfel gepaard gaan.

Binne die adolessente lewensfase word ook verskillende tipes aangetref.

## 4.2 Tipologiese verskille

Dit het Starbuck in sy studie opgeval dat daar in godsdienstige opsig onder adolessente twee tipes voorkom.

1) Dit is dié wat met veel storm en drang en stryd die oorgangsfase deurmaak, en

2) dit is dié tipe wat soos 'n boom van jaar tot jaar 'n bietjie in grootte en omvang toeneem, en wanneer die boom volgroeid is "one can only say it was then a tiny sprout, now a sturdy oak". [129)]

Hieruit is dit reeds duidelik dat daar 'n psigologiese faktor in die godsdienstige ontwikkeling meespreek.

Hoe onderskeie tipe mense hulle ten opsigte van geloofsgroei en twyfel gedra, is 'n saak wat nog nie nagevors is nie. Dis egter te bedenk dat (om maar enkeles te noem) die nerveuse tipe van Heymans tot meer twyfel geneig is as die flegmatiese tipe. [130)] Dit is ook te verwagte dat Jung se vier hooftipes [131)] nie eenders in hulle geloofsgroei of in hulle reaksie op godsdienstige problematiek sal wees nie. Selfs by die onderverdeling van elke tipe van Jung sou met reg verwag kan word dat die geïntroverteerdes en geëkstroverteerdes nie eenders

---

129. Starbuck aangehaal deur Bandel, H.M.W. Rijpere jeugd en religieuse ontwikkeling, pp. 140-1; vgl. ook Cruze, Adolescent psychology and development, p. 268.

130. Vgl. Van Herksen, op. cit., p. 14 e.v.; vgl. ook die ander tipes van Heymans: gepassioneerdes, sentimenteles, apatici, cholerici, sanguinici, amorfes in Bigot, L.C.T. Psychologie, p. 160 e.v.

131. Vgl. Waterink, J., op. cit., pp. 204-218: denkerstipe, gevoelstipe, gewaarwordingstipe en intuïtiewe tipe.

sal ontwikkel nie.

4.3 'n Verstandelike element

Sommige sielkundiges is van mening dat die omvang van twyfel gedurende adolessensie grootliks deur die intelligensie van die indiwidu bepaal word. [132] Skrywer kan hiervoor egter nie stawende bewyse in navorsing vind nie.

Wel is dit so dat die nuwe insig wat met adolessensie gebore word 'n verstandelike element insluit wat twyfel na vore roep. Daarom kan Waterink tereg sê dat die twyfel in wese opstand van die menslike rede teen die wil van God is. [133] Dit gee egter nog nie eersgenoemde stelling oor intelligensie gelyk nie. Nogtans is dit te bedenke dat persone met lae intelligensie minder die dinge wat hulle leer, sal bevraagteken.

Hierby moet ook onthou word dat intellektuele twyfel nie met die bewering dat dit vrug van intelligente logika is, geregverdig mag word nie aangesien dit ook deels of in die eerste plek aan 'n swak geloof gewyt kan word. [134]

4.4 Psigiese remminge

Net soos die liefde kan die geloof in elke leeftydsfase belemmer en in sy ontwikkeling geskend en selfs geperverteer word deur psigiese remminge van allerlei aard wat dit as't ware oordek. [135] Groot geloofstryd hoef dus nie altyd in 'n gebrek aan ware geloof gesoek te word nie, want dieselfde remming wat vir die persoonlikheid gevaarvolle ontwikkeling inhou, kan ook vir die geloofsworsteling verantwoordelik wees.

---

132. Byvoorbeeld Cruze, op. cit., p. 267.

133. Waterink, op. cit., p. 156.

134. Kupky, O., op. cit., p. 122: "When the religious tendency is strong, its development is hindered neither by contrary inner inclinations nor by irreligious or unreligious environment." Bokant die psigologiese faktor by geloofsgroei staan die transendente faktor: God se werking.

135. Vgl. Wyngaarden, Hoofdproblemen der volwassenheid, p. 203.

Angs, konflikte en spanning in die moderne lewe, neurotiese reaksies, emosionele stremminge word deur Barkman, wat sowel teoloog as psigoloog is, aangedui as van die heel belangrikste psigiese remminge by geloofsgroei [136] en by wyse van implikasie dus ook die hoofoorsake van twyfelmoedigheid.

Op die patologiese gevalle sou nog gewys kon word. Aangesien onder onderwysstudente weens betreklike streng keuring uiters selde sodanige gevalle aangetref word, is dit nie nodig om hier daarop in te gaan nie. Nogtans moet rekening gehou word met die feit dat onderwysersopleiding sodanig behoort te wees dat dit voorkom dat wat aanvanklik slegs 'n psigologiese probleem was deur twyfel en verwarring verhewig word sodat 'n patologies-sielkundige toestand intree wat vir die geloofslewe vernietigend is.

4.5 Besluit

1) Hoewel gegewens oor psigologiese faktore wat 'n rol ten opsigte van geloof en twyfel speel sowel in die psigologiese as psigiatriese literatuur besonder opvallend afwesig is, is dit uit voorgenoemde duidelik dat psigologiese faktore 'n besliste invloed op geloof en twyfel by die mens het - ook by die adolessent.

2) In hierdie studie beperk skrywer hom tot die aanduiding van die psigologiese faktor en gaan hy weens die reeds ruime omvang van die verhandeling nie verder daarop in nie as om daarop te wys dat

3) die sielkundige versorging van die onderwysstudent ook bevorderlik vir sy geloofsgroei kan wees [137] en

4) dat die besondere lewensfase in die godsdienstige ontwikkeling wat adolessente godsdiens genoem word sy eie besondere eise aan die godsdienstige opvoeder stel.

---

136. Barkman, P.F., op. cit., pp. 73-113.

137. Vgl. verderaan p. 205.